

*Die storie van
Koos & Annie
van der Walt*



'n Familiëgeskiedenis

Vertel deur

*R. J. (Roelf) du Preez
& A. M. (Anna) Martin*

*Die storie van Koos en Annie
van der Walt
('n Familiegeskiedenis)*

*Vertel deur R. J. (Roelf) du Preez
en A. M. (Anna) Martin*

Uitgewer: R. J. du Preez
Equestria, Pretoria

2020

Die storie van Koos en Annie van der Walt – R. J. du Preez en A. M. Martin
Eerste uitgawe: 2020 deur R. J. du Preez en A. M. Martin
Equestria, Pretoria
roelfdup@mweb.co.za

© 2020 R. J. du Preez en A. M. Martin

(Gedrukte verkorte weergawe: ISBN 978-0-620-85584-6)
Weergawe op webwerf: ISBN 978-0-620-85585-3

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek/CD/DVD/Webblad mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer word of in enige vorm deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of –ontsluiting.



R J (Roelf) du Preez



A M (Anna) Martin



J J (Jay) Martin

Inhoud

DEEL 1: AANKNOPINGSPUNTE

- Titelbladsye – bl. 1
- Inhoud – bl. 3.
- Inleiding – bl. 7
- Bedankings - bl. 8
- Simbole en afkortings – bl. 9

DEEL 2: OORSIGTELIKE BEELD

- 1 Oorsig oor Koos en Annie se voorouers in Suid-Afrika – bl. 15
- 2 Stamouers in Koos en Annie se voorgeslagte – bl. 23

DEEL 3: DIE VAN DER WALT VOORGESLAGTE

- 3 Geele Andries van der Walt en Johanna Weyers – bl. 33
- 4 Tjaart van der Walt en Anna Martha Venter – bl. 70
- 5 Michiel Andries van der Walt en Maria Elizabeth Kruger – bl. 111
- 6 Tjaart van der Walt en Anna Francina Buys – bl. 127
- 7 Stephanus Tjaart van der Walt en Anna Catharina Venter – bl. 143
- 8 Tjaart Petrus van der Walt en Aletta Sophia Venter – bl. 169

DEEL 4: DIE VENTER VOORGESLAGTE

- 9 Hendrik Venter en Anna Viljoen – bl. 201
- 10 Pieter Venter en Hester Nel – bl. 245
- 11 Petrus Venter en Martha du Plessis – bl. 275
- 12 Jan Adriaan Venter en Margaretha Johanna Louw – bl. 295
- 13 Jacobus Johannes Venter en Anna Catharina Jansen van Vuuren – bl. 339
- 14 Sarel Jacob Venter en Johanna M S D de Kock – bl. 398

DEEL 5: KOOS EN ANNIE VAN DER WALT

- 15 Koos en Annie van der Walt en hul kinders
(Outeur: Mev. Anna (A M) Martin.)
 - Deel 1:** Die egpaar Koos en Annie – bl. 433
 - Deel 2:** Die kinders van Koos en Annie – bl. 483

DEEL 6: BYLAES

- A Die eerste en tweede geslag persone met die naam Jan Hendrik Venter – bl. 535
- B Herinneringe van Tjaart van der Walt oor die Anglo-Boereoorlog en sy voorgeslagte –
bl. 544
- C Herinneringe aan die Van der Walt-gesin – bl. 550

DEEL 7: BRONNE en INDEKSE

- Bronnelyste – bl. 556
- Persone indeks – bl. 566
- Algemene indeks – bl. 581

Geskiedkundige en ander Brokkies

Die eerste klompie gemeentes en distrikte in die Kaap – bl. 22

Die Vereenigde Oostindische Compagnie (VOC) – bl. 23

Klasse mense aan die Kaap – bl. 29

Die Anglo-Boereoorlog: Kort oorsig – bl. 166

Sterftes in die konsentrasiekampe – bl. 172

Krygsgevangenes op die Bermudas – bl. 176

Knegte – bl. 207

Die kerk – bl. 208

Die vroeë toekenning van plase – bl. 209

Strawwe aan die Kaap – bl. 250

Trekboere in die Kaap(kolonie)en Vrystaat – bl. 301

Die Springfontein en Bethulie Konsentrasiekampe – bl. 398

Die Bloemfontein Konsentrasiekamp – bl. 428

Inleiding

*“Julle is die naelstring
 waardeur die jare my gebring het
 julle en ander verder terug
 geslagte inmeakaargestrenge!”¹
 Hennie Smith*

Soos heelwat genealoë en skrywers van familiegeskiedenis al gesê het oor hulle mense, was hierdie Van der Walts en Venters ook maar doodgewone mense. Hoe meer mens van hulle te wete gekom het, hoe meer doodgewoon het hulle geraak. Baie van hulle was arm. Baie was nie geleerd nie en in die vroeër jare was sommige van hulle ongeletterd. Enkeles het in hulle gemeenskappe 'n groot rol vervul. So hier en daar was daar seker ook maar iets wat in hulle tyd 'n skande was of eers later met terugwerkende krag as 'n skande beskou kon word.


Oor baie van hulle is daar net basiese feite beskikbaar. Daaruit kan iets van hul lewensloop afgelei word. Van hul menswees is daar min wat uit die verlede herroep kan word. Watter soort mense hulle was, hulle opvattinge, hulle vreugde en smart, hulle smake en voorkeure asook hulle geite is die vergetelheid in.

Inligting oor hulle is hoofsaaklik uit amptelike bronne, kerkrekords, genealogiese dokumente en publikasies bekom. Die amptelike bronne gee nie juis 'n skets van watter soort mense hulle was nie. So hier en daar is iets oor hulle geskryf.

Die meeste mense waaroor hierdie stories gaan was in die negentiende eeu Doppers wat eers in 'n interne stryd in die Kaapse NG Kerk gewikkel was en daarna oorgegaan het na die Gereformeerde Kerk. Hierdie is nie die plek om te beoordeel wie reg en wie verkeerd is en met terugwerkende krag dade te probeer regverdig nie. In die betrokke hoofstukke word gegewens gegee oor die individue, maar hierdie is nie 'n kerkgeskiedenis nie. 'n Mens aanvaar maar dat die mense van daardie tyd, aan albei kante, opgetree het met die lig wat hulle gehad het.

Daar is 'n groot groep toegewyde familienavorsers wat steeds meer en meer inligting met ywer ontsluit. Namate hulle vorder, sal daar meer inligting beskikbaar raak. Ek het 'n besondere waardering vir die hulp wat 'n mens op so baie maniere van hierdie navorsers kry.

'n Antwoord op een vraag roep weer die volgende vraag op in hierdie soort navorsing, so al asof die hond sy eie stert jaag. Lewers moet mens ophou, anders word stories nie vertel nie. Die stories is nie volledig nie. Daar is moontlik nog baie inligting beskikbaar oor die betrokke mense waarvan nie in hierdie stories vertel word nie. Die verder vertel aan sommige of al die stories moet iemand anders weer as taak neem indien iemand sou belangstel om dit te doen.



2020

¹ Smith, Hennie. 2016. *Multivers*. (Gedig: *Aan my ouers*). Naledi. ISBN 978-0-928316-64-3.

Bedankings



Daar is 'n groot aantal familienavorsers wat met verloop van tyd baie gegewens ontsluit het. Hulle het nie net algemene registers opgestel nie, maar ook registers oor spesifieke vanne en takke van families. Dit skep 'n breë basis wat benut kan word. Van 'n hele aantal van hierdie bronne is met groot waardering gebruik gemaak.

Die eerste een wat my gehelp het om rigting te vind met die familienavorsing, was Dr. O J O (Kobus) Ferreira, toe hy nog destyds by die RGN werksaam was.

Anna Martin het die Hoofstuk oor Koos en Annie van der Walt geskryf. Sy en haar oorlede man, Jay Martin, het baie ander inligting beskikbaar gestel en ook baie waardevolle foto's. Hulle het besondere werk gedoen om ou en beskadigde foto's te herwin en die foto's word geplaas soos wat dit is na die herwinningswerk.

Die twee stamregisters oor die Van der Walts was van groot waarde om gegewens op te spoor.

Mnr. J P (Hannes) Coetzee het ook, voor sy dood, navorsing gedoen oor die boedels en die plase van die Van der Walts en het waardevolle aanknopingspunte verskaf.

Prof. Barend J. Venter het aan die skrywer baie inligting oor die Venter voorgeslagte beskikbaar gestel wat veral in Hoofstukke 12, 13 en 14 benut is.

'n Aantal persone het oor Hendrik Venter en sy direkte nageslag geskryfte die lig laat sien. Mnr. Christo Venter het waardevolle inligting beskikbaar gestel en e-pos gesprekke gevoer. Mnr. Piet Venter het inligting beskikbaar gestel wat benut is en wat leidrade vir verdere navorsing verskaf het. Mnr. Kobus Venter het in artikels die standpunte oor die herkoms van Hendrik Venter bespreek.

Daar is deurgaans goeie ondersteuning ontvang van die personeel in die Kaaplandse, Transvaalse en Vrystaatse argiewe asook in die argief van die GKSA. Mev. Anne Clarkson het vir die skrywer heelwat dokumente en ander inligting in die Kaapse Argiefbewaarplek ontsluit. Mev. Magda Meyburg het uit eie beweging foto's beskikbaar gestel en gegewens in die Vrystaatse Argiefbewaarplek ontsluit.

Prof. Rikus Fick van die NWU het vir die skrywer waardevolle inligting oor 'n hele aantal persone waaroor geskryf is, verstrekk. Hierdie inligting het die stories verryk.

Mnr. Corney Keller het vir die skrywer bepaalde inligting vertolk en koers gegee aan die speurwerk oor stamvader Hendrik Venter. Daar is weer eens onder die indruk gekom van sy grondige kennis van die vroeë jare aan die Kaap.

My gesin het my deurgaans ondersteun en gehelp. Aan Lilla, Marietjie en Johannes (toe hy nog in hierdie lewe was) is ek baie dank verskuldig. Johannes het met vele aspekte van die visuele voorstelling van die materiaal gehelp en my in heelwat fasette daarvan rekenaarvaardig gemaak. Lilla, weer, het my meer sensitief vir taalgebruik gemaak en het die boek taalversorg en geproeflees.

So kan 'n mens aanhou met bedank, want uit so baie bronne is inligting en hulp verkry. Nie een van die wat gehelp het kan verwyt word vir dit wat in die publikasie verskyn nie: Net ek is aanspreeklik vir foute wat in die publikasie mag verskyn.

Simbole, afkortings en verwysings

Simbole

*	Geboorte: Plek en datum
≈	Doop: Plek en datum
x	Huwelik: Plek en datum
xx	Tweede huwelik: Plek en datum
xxx	Derde huwelik: Plek en datum.
÷	Egskeiding: Plek en datum
†	Sterfte: Plek en datum.
#	Begrawe: Plek en datum
£	Pond. Geldeenheid
f	Gulde. Nederlandse geldeenheid met verskillende waardes, bv. Indiese en Kaapse valuasie.

Enkele Afkortings

c.	Ongeveer/omstreeks
GISA	Genealogiese Instituut van Suid-Afrika
GK/GKSA	Gereformeerde Kerk of Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
HOK of HOIK	Kyk VOC
KP	Kaap (-kolonie of -provinsie)
NGK of NG Kerk	Nederduitse Gereformeerde Kerk
NHK of NH Kerk	Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika
NN	Van onbekend
NOK	Kyk VOC
OVS	Oranje-Vrystaat
Pn	Voorname onbekend
Rds	Riksdalder (Geldeenheid)
RGN	Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
SABW	Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek. Vyf volumes
SAG	Suid-Afrikaanse Geslagsregisters. 17 Volumes
Tvl.	Transvaal
VOC	Die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie, ook genoem die Nederlandse of Hollandse Oos-Indiese Kompanjie, verkort na "die Kompanjie"

Verwysings

By die genealogiese gegewens is die simbole teenaan die eerste woord of datum daarna gekoppel om te verhoed dat die simbool in een reël staan en die gegewens los daarvan in die volgende reël.

Die verwysings ten opsigte van plase is bepaal deur die rekenaarwyser ("cursor") direk na die nommer van die plaas op die landmeter-generaal kaarte, soos verstrekk deur Madmappers, te plaas en die lesing daar te neem.

In die weergawe op die webwerf, met sy eie indeks, verval party van die bladsynommers wat in die gedrukte weergawe voorkom.



ISBN: 9780620855846



9 780620 855846 >

Uitgewer:
R. J. du Preez
Silver Sands 13
Equestria | Pretoria
2019